

**Direkteur Sinode**

# NG Kerk in Oos-Kaapland

**Ds Danie Mouton**

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623  
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

AAN: Leraars, kerkkantore en kerkrade

14 Julie 2020

Liewe vriende,

## **VLAK 3 VAN INPERKING VOORTGESIT: ENKELE NUWE REËLINGS**

Covid-19 het van ons almal opnuut mense gemaak wat bid vir gesondheid, wysheid, verantwoordelikheid en oorleg. Wees versigtig en tree verantwoordelik op. Ons nader nou 'n eerste piek van infektering. Dit blyk dat die Oos-Kaap en Gauteng waarskynlik 'n hoogtepunt teen die einde van Julie kan bereik, tot twee maande voor sommige van die ander provinsies.

Dit is moontlik om Covid-infektering die hoof te bied deur gesigsmaskers te dra, hande te was en handontsmetting te gebruik, oorvol ruimtes te vermy en goeie ventilasie in stand te hou of op te soek. Kom ons doen dit getrou.

### **Nuwe reëlins**

Direk na pres. Ramaphosa se toespraak op Sondagmiddag, 12 Julie, het die regering nuwe regulasies uitgevaardig. Die hele land bly op Vlak 3 van inperking, maar enkele reëlins is gewysig. Die toepaslike uitgawe van die Staatskoerant is nommer 43521 en dit is [hier beskikbaar](#).

Die belangrikste nuwe reëlins is as volg:

- Godsdienstige berading bly steeds 'n noodsaaklike diens, maar die permit wat deur die gemeente aan die leraar uitgereik word, is ietwat gewysig. Hier is die nuwe permit wat van 12 Julie nodig is – [PDF](#) of [MS Word](#). Hierdie permit is voldoende vir godsdienstige berading of die lei van toegelate godsdienstige aktiwiteite. Dit vervang vorige permitte.
- Wanneer enige groep bymekaar kom (of dit diegene is wat die gemeente se noodhulp bestuur, 'n erediens, 'n inry-erediens, 'n huweliksluiting, besoek aan die kerkkantoor, wat ook al) berus die verantwoordelikheid op die persoon in beheer om toe te sien dat almal voldoende maskers aan het en maskers aan hou.
- Die verkoop, bediening of vervoer van alkohol is verbode. (Tegnies gesproke is dit seker nou beter om die nagmaalviering by inry-eredienste waar persone hulle eie brood en wyn bring met druiwesap, ander vrugtesap of water te hanteer.)

Goeie ventilasie word nou as 'n belangrike voorkomende maatreël geag. Virusse kan in mikroskopiese druppeltjies bly sweef, en oor kort afstande deur groter druppels gedra word. Infektering word deur die digtheid van die voorkoms van die virus en die tyd wat jy daaraan blootgestel is, bepaal. Daarom is sosiale afstand, ventilasie en gesigsmaskers al drie saam so belangrik.

### **Die fynskrif**

Let op dat maskers altyd in die openbaar gedra moet word, maar ook in geboue wat deur die publiek betree word "to obtain goods or services" – vergelyk paragraaf 3 (a) en (b). Hierdie soort ruimte sluit die binnekant van die kerkkompleks of kerkkantoor in.

Werkgewers moet werknemers van lapmaskers voorsien.

Die eienaar of bestuurder van 'n gebou, plek of eiendom (wat deur die publiek gebruik word om goedere of dienste te bekom) wat nalaat om toe te sien dat almal hul gesigsmaskers deurlopend dra, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete of gevangenisstraf van nie langer as ses maande nie – vergelyk par 4 (7) en par 3 (b) van Staatskoerant 43521.

Persone wat 'n kerklike perseel sonder 'n masker betree, moenie toegelaat word nie en moet die ruimte onmiddellik verlaat. Die regulasies kriminaliseer nou die *toelating* van so 'n persoon in 'n ruimte waar goedere of dienste gelewer word. Die persoon of persone in beheer is in die pekel.

### **Werkplekke**

Kerkkantore kan steeds bedryf word. Persone wat van die huis af kan werk, veral persone bo 60, word steeds aangemoedig om dit te doen – waar moontlik. Die protokolle vir die veiligheid van die werkplek bly onveranderd en moet noukeurig nagekom word.

### **Eredienste**

Die reëlins rondom eredienste bly onveranderd.

### **Huweliksluiting**

Huwelikseremonies is nog nie toelaatbaar onder Vlak 3 van inperking nie. Tydens 'n mediakonferensie het die minister van Binnelandse Sake, mnr. Aaron Motsoaledi, gesê persone wat 'n huwelik wil sluit moet na die Departement van Binnelandse Sake (op afspraak) gaan, of 'n huweliksbevestiger (d.w.s. 'n leraar) kontak. Hy beklemtoon dat slegs die leraar, die egpaar en hul twee getuies (vyf persone) teenwoordig mag wees:

Because the majority of marriage officers are ministers of religion, we have also said the same thing – if a minister of religion is going to marry couples in their office, the couple must come with only two witnesses. We don't allow crowds there.

Vergelyk [hierdie bron](#), asook hierdie [verwysing](#).

Hou dus die huwelikseremonie op baie klein skaal. Onthou die regulasies wat van toepassing is. Almal, die bruid en bruidegom ingesluit, moet heelyd gesigsmaskers dra. (Hulle moet natuurlik sêlf seker maak hulle trou met die bedoelde persoon, geen Jakob en Lea-stories is toelaatbaar nie.)

## Korrespondensie op ons webblad

Let op dat hierdie en alle voorafgaande korrespondensie beskikbaar is op ons sinode se webblad. Gaan na [www.ngkok.co.za](http://www.ngkok.co.za) en klik op "COVID-19" in die keusebalk bo-aan die webblad. Daar is 'n afdeling wat toegang gee tot die toepaslike permitte, en ook 'n afdeling waar al die skrywes uit die sinodale kantoor oor Covid-19 geplaas is.

### 'n Paar wenke

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is so belangrik om sosiale kontak en 'n gevoel van behoort en saam-wees in gemeentes in stand te hou, Daar moet ook openheid teenoor buitelanders wees. Veral eredienste oor Zoom of soortgelyke platforms dien hierdie gemeenskaplikheid. Klanksendinge en deelnemende gesprekke op Whatsapp ook. Inry-eredienste met luidsprekers werk ook goed en raak nou tereg gewild. Moenie moeg raak om al hierdie inisiatiewe vol te hou nie. [Hier](#) en [ook hier](#) is handleidings vir Zoom beskikbaar.
- Verwys na my skrywe van [1 Junie 2020](#) oor reëlins vir die werkplek, godsdienstige berading as noodsaaklike diens, huweliksbevestigings en ander Vlak-3 reëlins.
- Daar is talle foto's op sosiale media waar mense wat bv met kerklike noodhulp werk duidelik nie sosiale afstand handhaaf nie. Van nou af kom maskers ook in die prentjie. Kry die gedrag reg, en wees oordeelkundig met foto's wat julle op sosiale media deel. Jy kan 'n foto met jou absoluut gunsteling-moment ooit plaas, en op die agtergrond kan iemand 'n Covid-regulasie-glipsie begaan wat groot moeilikheid kan veroorsaak. Foto's kan ook verkeerd geïnterpreteer word. Lê daarom goeie oordeel aan die dag.

Dit is uitdagende tye. Kom ons behou geloof en kom ons fokus op die nood rondom ons.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton  
Direkteur Sinode